

Sing vooraf: Psalm 116:1, 9, 10 (p. 569)

- 1 God het ek lief, want die getroue HEER / hoor na my stem uit vrye welbehag;
ek roep Hom aan in al my lewensdae, / Hy skenk my hulp, Hy red my, keer op keer.
- 9 Ag, Heer, ek is, o ja, ek is u kneg, / seun van u diensmaagd, in u diens gebore:
my bande is los; vir hoër diens verkore, / bring ek die offers, aan U toegeseg.
- 10 Ek sal u Naam met dankerkent'nis prys / te midde van die feestelike skare.
Jerusalem, ek hoor om jou altare / die lofgeluid wat tot Gods eer verrys.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 118:8 (p. 577)

- 8 Gods regterhand is hoog verhewe, / sy regterhand is groot van daad;
dit laat van skrik die wêreld bewe, / maar hef sy volk uit lyde en smaad.
Ek sal nie kwyn in slawebande / wat my ter dood toe wil omknel;
ek sal nie sterf deur vyandshande, / maar al Gods werke bly vertel.

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Psalm 95:5 (p. 478)

- 5 Verhard jul hart nie, soos weleer / jul vaders wat – hoe dikwels weer! –
nie op my wondermag vertrou het. / Hul het My, deur die dors gekwel,
versoek, My op die proef gestel, / hoewel hul al my werk aanskou het.

Skriflesing: 2 Korintiërs 11; Lukas 20; Genesis 3.

Teks: 2 Korintiërs 11:3 Lukas 20:18; Kategismus Sondag 52

Maar ek vrees dat, net soos die slang Eva deur sy listigheid bedrieg het, julle sinne so miskien bedorwe kan raak, vervreemd van die opregtheid teenoor Christus. (2 Korintiërs 11:3 AFR1953)

Elkeen wat op dié steen val, sal verpletter word; maar elkeen op wie hy val, dié sal hy vermorsel. (Lukas 20:18 AFR1953)

Kan u dink hoe verbysterd en dankbaar Adam en Eva was toe die Here die eerste keer aangekondig het dat ons mense deur die Here Jesus verlos sou word – en ook dat ons en die duiwel van daardie oomblik af groot vyande sou wees?

- Tot voor die sondeval het hulle nie eers iets van genade en verlossing verstaan nie, want daar was niks verkeerd nie. Nou hoor hulle dat hulle wel verlos sal word.

- Tot voor die sondeval het hulle geen konflik met enige skepsel (diere en engele) gehad nie – maar nou gaan die klomp engele (wat intussen duiwels geword het) hulle voortdurend aanval en hulle saligheid probeer wegroof.
- Tot voor die sondeval het die twee met niemand rusie gemaak of geveg nie – nou moet hulle so teen die duiwel opstaan dat sy kop vermorsel sal moet word.

En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt. (Genesis 3:15 AFR1953)

Met die sondeval het die mens letterlik so sleg geword dat hy bitter min dinge kon doen wat reg was of nie sonde was nie.

- Maar regdeur hierdie slingerpad wat ons tussen die sonde deur loop, het ons hierdie eerste belofte van die Here saam met ons.
- Die Here het belowe dat Hy vyandskap tussen die uitverkorenes aan die een kant en die duiwel en al sy magte aan die ander kant sal stel.

Ons gee aandag aan die volgende sake:

- 1. Die duiwel is 'n mensrower.**
- 2. Die Here gee genade vir die mens.**
- 3. Hoe lewe ons na die Here toe?**

1. Die duiwel is 'n mensrower.

Hierdie belofte in Genesis 3:15 moes seker as 'n geweldige skok vir die Satan gekom het, en hy ervaar dit ook seker tot vandag nog as 'n vernedering.

- Die skok was dat daar 'n mens uit hierdie twee mense wat hy verlei het, gebore gaan word wat hom gaan vernietig!
- Dink net hoe geskok hy moes wees toe hierdie belofte aan hom verduidelik het dat daar sekere mense is wat hy nooit van die Here af afvallig sal kan maak nie.
- Die vernedering wat hy deurgemaak het op daardie oomblik!
 - Hy het toe al fisies sy vernietiging teen die almag van die Here beleef, want hy was klaar nie meer 'n heilige engel van God nie – hy was toe reeds die satan wat teenoor God staan en wat nooit weer vrye toegang tot God sou hê nie.
 - En daarmee saam sy onmag op sy pad vorentoe teen al die mense wat aan Christus behoort.

Die duiwel het sekerlik nie daarop gereken nie.

- Hy het Adam en Eva redelik maklik omgedop en hy het waarskynlik gedink dat hy klaar sy oorwinning op die aarde behaal het!
- Die oomblik toe hy meen dat hy die oorwinning oor die mens behaal het, toe hoor hy uit die Here se mond twee dinge waarvan hy niks gehou het nie!
 - Die eerste is dat sy stryd teen die mens voortgaan,
 - en die tweede is dat sy vernietiging deur 'n mens klaar vasgestel is.

Die groot vraag is: Hoe hanteer ons nou die satan en sy omgang met ons op pad vorentoe?

- Ons moenie dink dat om eendag in God se koninkryk te wees, somer maklik gebeur nie – so asof die satan se krag op die aarde daarmee weggeskryf word nie.
- Voordat ons eendag in die hemel sal wees, sal daar baie stryd teen die satan wees – ons weet dit uit wat die Here vir Eva sê: Hy gaan jou aan die hakskeen byt!
- Die satan is agterbaks en slu en genadeloos. Moenie sy mag onderskat nie!

Kyk net wat skryf die Bybel alles oor hom:

- 1 Petrus 5:8 leer dat die duiwel ons wil verslind.
Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, en soek wie hy kan verslind. (1 Petrus 5:8 AFR1953)
- Efesiërs 6:12 openbaar dat ons stryd nie teen vlees en bloed is nie, maar teen owerhede en magte, en teen die heersers van die duisternis van hierdie eeu; teen die bose geeste in die lug.

Prakties beteken dit dat die satan elke oomblik en op elke plek teen ons is.

- Sy aanslae is ook nie so maklik uitkenbaar nie, want hy veg uit die geesteswêreld uit met ons, en dit is 'n wêreld waartoe ons baie moeilik toegang het, want ons is vlees en bloed.

Dit is waaroor die gebed gaan dat die Here ons moet beskerm sodat ons nie in versoeking kom nie.

- Dit is waarom ons bid dat ons van die bose verlos moet word, want die Here het die bose in sy almag alreeds verslaan.
- Al die magte van die duisternis sidder wanneer hulle die Here Jesus sien.
- Hulle bely Hom ook as die Een wat mag het om hulle in die duisternis te werp, en wat dit inderdaad ook gaan doen!

2. Die Here gee genade vir die mens.

Dit is verstommend dat die genade van die Here so groot is dat Hy ons nie verwerp het toe ons destyds deur die duiwel verlei is nie.

- As ons nou terugdink, besef ons eers hoe naby die Here selfs in daardie oomblikke aan die mensdom was.
 - Hy het toegelaat dat die duiwel ons verlei, en dat die duiwel ons altyd sal versoek –
 - maar Hy het nie toegelaat dat die duiwel ons oorwin en vernietig nie.

Daarom het die Here die mense dadelik fisies gaan opsoek om hulle daarvan te verseker dat sy genade nog steeds by hulle is.

- Die Here belowe hulle dat daar later iemand uit die vrou se nageslag gebore sal word wat die slang se kop sal vermorsel.
- Hierdie belofte maak vir ons die deur oop terug na die genadetroon van die Here toe sodat ons kan bid dat die Here ons van die bose moet verlos.

Natuurlik beteken dit nie dat ons tydens ons aardse lewe vrygestel sal wees van enige aanvalle van die duiwel nie.

- Wanneer Jesus Christus, ons God en Verlosser, eendag met sy wederkoms op die wolke verskyn, dan eers kom hierdie eerste belofte van die Here aan die menslike geslag tot sy werklike vervulling.

Natuurlik het die hoop in die Satan bly lewe dat hy elke keer wanneer hy een van ons aanvat, dieselfde sukses sal bereik as wat hy met Eva bereik het.

- Daarom waarsku die Here ons in die Nuwe Testament nog steeds teen die Satan:
Maar ek vrees dat, net soos die slang Eva deur sy listigheid bedrieg het, julle sinne so miskien bedorwe kan raak, vervreemd van die opregtheid teenoor Christus. (2 Korintiërs 11:3 AFR1953)
- Dit is dan wanneer die ware gelowige moet onthou dat elke keer wanneer ons in ons lewe in 'n geveg met die kwaad betrokke raak, ons die vervulling van die beskerming van die

genadebelofte ervaar.

- Net die feit dat ons in konflik kom met die kwaad is al 'n openbaring van die feit dat ons deel is van die vrou se saad (uitverkorenes), hoeveel te meer dan nie wanneer ons nog die sonde oorwin ook nie.

Daar is natuurlik meer dinge wat saamhang met die vyandskap wat die Here stel tussen die vrou se saad en die slang se saad.

- Onder andere is daar duidelike kentekens waaraan mense wat vyande van die satan is, uitgeken kan word.
- Sulke mense lewe onder die leiding van God die Heilige Gees. Ons weet uit die Nuwe Testament dat 'n deel van die belofte wat die Here met Eva gemaak het, was dat die Messias, na sy oorwinning oor die dood, die Heilige Gees op sy kerk sou uitstort.

Die Heilige Gees lei ons om juis Adam en Eva se fout nie te herhaal nie.

- Hulle het nie onderskei wat vir die Here belangrik was nie, en daarom het hulle die vyand van God sy sin gegee.
- Toe die belofte van Genesis 3:15 vervul is, het die Messias dit wat ons verloor het met die sondeval aan ons teruggegee.
- Ons is nou weer kinders van God – maar kinders wat elke oomblik in ons geloof gelei word om te kan onderskei sodat ons nie weer aan die verkeerde kant beland wanneer die eer van die Here in gedrang kom nie.

3. Hoe lewe ons na die Here toe?

Die vyandskap wat God stel tussen die gelowiges en die magte van die donker, plaas uiteraard op elkeen van ons 'n baie groot verantwoordelikheid – net soos op Adam en Eva.

- Omdat ons van die Lig is, moet ons soveel te meer nie enige begeerte hê om die duiwel te volg in sonde nie.
- Hierdie geestelike swakheid van ons dat ons baie keer 'n onvermoë het om die regte ding te wil doen, is iets waarteen elkeen van ons baie hard moet veg.
- Ons wapen daarteen is voortdurende gebed en smeking en die bystand van die Heilige Gees.

Vanweë ons sondes daardie dag in die Paradys is ons nou uitgelewer aan al die versoekings wat die duiwel oor mense kan beskik.

- Daarmee saam het ons nog ons eie geaardheid ook wat saamhelp om dit vir ons moeilik te maak om op die regte pad te loop.
- Dinge soos opstandigheid, ontevredenheid en haat teen ander mense.
- Ons is in baie opsigte vyande van God – of soos dit iewers ander gestel word: *kinders van die toorn*.
- Dis waarom God die Heilige Gees die apostel Paulus laat neerskryf:

Maar ek vrees dat, net soos die slang Eva deur sy listigheid bedrieg het, julle sinne so miskien bedorwe kan raak, vervreemd van die opregtheid teenoor Christus. (2 Korintiërs 11:3 AFR1953)

Al hierdie dinge onderstreep weereens die noodsaak vir elkeen van ons dat ons voortdurend moet bid

- dat die Here ons nie in versoeking moet laat kom nie,
- en dat Hy ons van die bose moet verlos.
- Ons wil kinders van God wees en ons wil deel hê in die genade van die Almagtige God.

Ons is nie magteloos nie, want ons het die wysheid en die insig van die Almagtige se Gees by ons.

- Hy beperk die vermoëns van die duiwel heeltemal.
- Die Heilige Gees gee aan ons die insig waarmee ons tydig die planne en die aanslae van die duiwel kan sien kom, en dat ons dit dan kan sistap – as ons wil.

. . . **As ons wil** – dit is waar die groot probleem lê!

- Baie keer in ons lewens het ons baie duidelike insig oor wat reg is en wat verkeerd, maar dan gaan doen ons presies dit wat verkeerd is.
- 'n Mens kan Simson se liggaamskragte hê, en nog – soos hy – swak wees as dit kom by die gawe van onderskeiding en gehoorsaamheid aan die Here.
- Dit is die plekke waar die duiwel ons pootjie en ons sover kry dat ons vrywillig in die sonde in beweeg.

Natuurlik beteken dit nou nie dat die Here ons verdag as ons sonde gedoen het nie.

- Dink daaraan dat Psalm 103 'n lofpsalm aan die Here is omdat Hy ons oortredinge vergewe.
- Die motivering vir hierdie sondevergifnis staan in vers 14 geskryf:

Want Hy, Hy weet watter maaksel ons is, gedagtig dat ons stof is.
(Psalms 103:14 AFR1953)

Die Here weet van watter maaksel ons is, en Hy vergewe ons oortredinge en verwyder dit van ons omdat Hy gedagtig is daaraan dat ons stof is!

- In die Here se eerste belofte aan ons het Hy verlossing voorspel.
- In Psalm 103 lees ons van die vervulling daarvan: Die Here vergewe ons ons sondes en neem ons uiteindelik in sy koninkryk op (= verlos ons van die bose) waar ons nie meer in versoeking gelei kan word nie.

Dink aan Dawid se gebed op sy sterfbed (1 Kronieke 29:11):

Aan U, HERE, kom toe die grootheid en die mag en die heerlikheid en die roem en die majesteit, ja, alles in hemel en op aarde; aan U, HERE, kom toe die koningskap en die selfverhoging as Hoof oor alles. (1 Kronieke 29:11 AFR1953)

Kan ons ooit so ellendig raak dat ons teen hierdie ewige en almagtige God in opstand of verset wil kom?

Daarom sê ons op hierdie gebed “amen”.

- Dit is die eggo van ons geloof.
- Daarby is dit 'n bevestiging van die feite van God se verbondsgenade – Hy het die krag en die wil om ons in sy onmeetbare liefde van die bose te verlos.

Kom ons lees Kategismus Sondag 52 saam.

Vraag 127: Wat is die sesde bede?

Antwoord: En lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Dit is: Ons is in onself so swak dat ons nie een oomblik staande kan bly nie (a). Daarby hou ons doodsvyande, die duiwel (b), die wêreld (c) en ons eie sondige natuur (d), nie op om ons aan te val nie. Wil U ons tog deur die krag van u Heilige Gees staande hou en versterk, sodat ons teen hulle sterk teenstand kan bied en in hierdie geestelik stryd nie beswyk (e) nie, totdat ons eindelijk die oorwinning volkome behaal (f).

(a) Joh 15:5; Ps 103:14. (b) 1 Pet 5:8; Ef 6:12. (c) Joh 15:19. (d) Rom 7:23; Gal 5:17. (e) Matt 26:41; Mark 13:33. (f) 1 Tess 3:13; 5:23.

Vraag 128: Hoe sluit jy jou gebed af?

Antwoord: Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlijkheid tot in ewigheid. Dit is: Ons bid dit alles van U omdat U as ons Koning, wat mag oor alles het, ons alle goeie dinge wil en kan gee (a) sodat daardeur nie ons nie, maar u heilige Naam ewig geprys sal word (b).

(a) Rom 10:12; 2 Pet 2:9. (b) Joh 14:13; Jer 33:8, 9; Ps 115:1.

Vraag 129: Wat beteken die woord Amen?

Antwoord: Amen wil sê: Dit is waar en seker. Want my gebed is baie sekerder deur God verhoor as wat ek in my hart voel dat ek dit van Hom begeer (a).

(a) 2 Kor 1:20; 2 Tim 2:13.

Amen.

Slotgebed

Slotsang: Skrifberyming 10-2 (28b)

Ons Vader wat woon in die hemel, / geheilig sy u Naam,
laat u ryk kom, u wil geskied, / soos in die hemel so ook op die aarde.
Gee ons vandag ons dag se brood / en vergeef ons al ons skulde, net soos ons vergewe
die wat teen ons sondig. / Laat kom ons nie in die versoeking; / maar verlos ons van die Bose.
Van U is die ryk en die sterkte en die ere, / vir ewig en ewig, amen / vir ewig en ewig, amen.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 2 November 2008